




Vrees Engels Kan Mettertyd In S.A. Verdwyn

Verontrusting oor die toekoms van Engelssprekendes in die Unie is die afgelope week deur politici uitgespreek.

ONDERHANDELING MET MOSKOU

Die Britse eerste Minister, Clement Attlee, het in die laerhuis ontken dat sy regering gewillig was om in ruil vir Rusland se bemiddeling in Korea aan te dring op toelating van die Sjinese Kommuniste in die Veiligheidsraad van die V.V.O. Dat Brittanje wel deur middel van sy Moskou gesant oor bemiddeling onderhandel het, het hy toegegee, maar dit is gedoen omdat Rusland nie teenwoordig was in die Veiligheidsraad toe die besluit vir optrede in Korea geneem is nie, het hy gesê.

Inmiddels het ook die Britse pers ontken dat daar enige verband bestaan tussen Pandit Nehru se bemiddelingspogings en die Britse regering. In werklikheid, so word verklaar, het Nehru die Britse regering in groot verleentheid gebring.

Dit is bekend dat die Britse regering hom nog voor die Koreaanse oorlog beywer het vir die toelating van die Sjinese Kommuniste tot die V.V.O.

Vrees Vir Misverstand Laat Britte Besin

Onder sterk Amerikaanse druk het die Britse regering verlede week tot die besluit geraak om verdere lewering van olie aan Sjina stop te sit. Die Britte was voorheen baie onwillig om hierdie stap te doen omdat hierdie olie-handel „die verbindingsweë met Sjina oopgehou het” — iets wat die Britte wou verseker selfs met die insleping van nog meer Kommuniste in die V.V.O.

Intussen is die Britse houding oor die verdediging van die eiland Formosa teen 'n aanval deur die Sjinese Kommuniste nog so hard dat 23 lede van die regeringskabinet verlede week daarop aangedring het dat die Britse regering die V.S.A. moet oorreed om 'n vloot by Formosa terug te trek. Hulle het ook gevra dat die Kommuniste op die veiligheidsraad van die V.V.O. toegelaat moet word.

Die antwoord van die kabinet was dat die voorstel hulle in verleentheid bring en „misverstand in die buiteland” veroorsaak.

Mnr. R. Feldman, L.P.R., het in Johannesburg verklaar dat die Engelse tans georganiseerde pogings sal moet aanwend om die toekoms van Engels in die land te verseker.

In die Unie is reeds aansienlik meer Afrikaanse kinders as Engelssprekende kinders. Min Engelssprekendes word onderwysers en die vermoede kan bestaan dat Engels binne tien of twintig jaar deur Afrikaanssprekende onderwysers onderrig sal word. Desnieteenstaande bly die Engelssprekende Suid-Afrikaners „selfvoldaan en passief”.

„As Engels in die verlede geen georganiseerde aanspooring of beskerming nodig gehad het nie, dan het hy dit vandag nodig. Net soos die Engelse deel van die bevolking deur sy gebrek aan belangstelling die land aan die Afrikaanse Nasionaliste oorhandig het, sal die gebrek aan optrede die vraagstuk van twee aparte tale vir die Nasionaliste oplos. Engels word die huistaal van 'n klein minderheid.”

In Durban het mnr. L. Boyd, L.P.R., verklaar dat die Engelsprekendes sedert die stigting van die Unie nog nie 'n enkele leier uit hul gelede voortgebring het nie. Hulle het nog altyd hul leiers by die Afrikaners gesoek.

WESTERSE PROPAGANDISTE SKIELIK BESORG OOR DUITSE KERKE

Die Westerse pers berig dat die Kommuniste „voorbereidings tref vir die finale opruiming van die kerke in Oos-Duitsland”. Die berig lui dat die tegniek ooreenkoms vertoon met dié wat in die res van Oos-Europa toegepas word. Eers sal met die kleiner kerke klaargespeel word, waarna die leierskap van die groter ondermyn sal word. Dit is nie onwaarskynlik dat vooraanstaande kerkleiers binnekort ook aangekla sal word van spioenasie nie, word daaraan toegevoeg.

Hierdie ontsteltenis oor die lot van die Christelike kerke in Duitsland is maar 'n verdere erkenning van die bankrotskap van die Westerse politieke lei-

REDDING LÊ ALLEEN IN GRONDIGE HERSKEPPING

Op 8 Augustus 1950 herdenk die Ossewabrandwag sy twaalfde verjaardag. By geleentheid van hierdie viering is dit passend om te herinner aan die herskeppingstaak van die beweging.

Die wêreld waarin ons lewe verkeer in 'n toestand van woeling en gisting. Die grondslae van 'n bestendige beskawing is stukkend gemoker deur verwoestende oorloë en kwaadwillige propaganda. Die wêreld moet op nuwe grondslae tot stilstand balanseer. Dit is die taak van die Ossewabrandwag om daardie grondslae te verkondig en aan te bied.

Dit ly geen twyfel dat die botsing tussen Oos en Wes die onverbiddelike eis van herskepping aan die Westerse beskawing stel nie.

Indien oorlog tussen die Ooste en die Weste gaan uitbly, gaan die Kommunisme die hele wêreld vreedsaam verower indien die Westerse beskawing nie betyds herskep word nie.

Indien oorlog wel uitbreek, gaan die Westerse beskawing vernietig word indien die Kommunisme wen. Indien die Wes-

terse volke wen gaan hulle die vrede verloor indien hulle nie op daardie late uur die grondslae van hulle beskawing herskep nie.

In hierdie verband is dit interessant om te let op die betekenisvolle inhoud van die politieke testament wat wyle genl. J. B. M. Hertzog aan die Ossewabrandwag nagelaat het. Dit lui:

TESTAMENT

„Die stadium van ontwikkeling van die Europese mensdom met sy ingewikkelde ekonomiese en maatskaplike bestaanslewe vereis vandag 'n herskepping van die grondslae en instelling van sy staatkundige en maatskaplike bestaans- en bedryfslawe, op die basis van 'n Christelik-nasionaal republikeinse gesagstaal geleid en gevoerd naar die beginsels en beleid van 'n Suid-Afrikaans nasionale sosiale aard, wat sig aanpas by die lewenswyse, morele opvattinge en godsdienstige beskouinge van die Afrikanervolk en wat streef naar die hoogste en mees algemeen uitgebreide mate van Volksgeluk en Volkswelvaart, beide geestelik en stoflik.”

BEPROEF

Genl. Hertzog het vir meer as veertig jaar sedert die Britse verowering van die Boere-republieke 'n leidende rol gespeel in die Afrikaner se politieke stryd binne die Britse stelsel. Hy het alle moontlike weë daarbinne tevergeefs probeer en aan die einde van sy lewe het hy tot die slotsom gekom dat redding alleen in 'n grondige herskepping van die bestaande stelsel lê.

Dit is die plig van elke Afrikaner en veral van elke O.B.

Politieke Testament Aan O.B. Nagelaat

Voortekens Van Duitse Inval

Vir diegene wat op hoogte is met Stalin se nuwe soort oorlogvoering, soos ons dit ook nou in Korea ondervind, waar vyfde kolonne die stryd vir Moskou voer sonder dat laasgenoemde self aan aanvalle blootgestel word, is dit 'n onheilspellende teken dat die Russiese generaals wat voorheen die besettingskommissie in Oos-Duitsland uitgemaak het, 'n paar weke gelede vervang is deur burgerlike kommissarisse. Dit is blykbaar die voorspel tot oorhandiging van die Oos-Duitse bewind aan die Duitse vyfde kolonne. Sodra Russiese troepe ter afronding van hierdie mags-oorhandiging uit Duitsland teruggetrek word, sal Duitsland ryp wees vir 'n Kommunistiese inval soos in Korea.

RUSSIESE PROPAGANDIS IN LONDEN

Onderwyl Amerikaners in Korea sneuvel in die stryd teen die Kommunisme, laat die Britse regering nog toe dat Russiese Kommuniste vergaderings in Engeland hou om die bevolking in verset te bring teen die V.V.O. se optrede. Die Russiese joernalis, Ehrenburg, wat in die afgelope jare deur die Sowjet as 'n soort buitengewone propaganda-gesant in die Westerse lande gebruik is, het verlede Sondag „een van die grootste gehore wat nog ooit in Trafalgarplein gesien is” toegesprek, en 'n beroep op hulle gedoen om die atoombom in die ban gedoen te kry. Byna 'n miljoen Britte het reeds 'n versoekskrif in hier voege onderteken.

Leopold Terug

Na 'n bannelingskap van vyf jaar het koning Leopold van België verlede Saterdag teruggekeer na sy troon op versoek van die meerderheid van die parlement. Linksgesindes, gesteun deur wanvoorstellings van Churchill en ander Westerse politici het hulle hewig verset teen die koning se herstel. Churchill kon Leopold nooit vergewe het dat hy nie bereid was om die lewens van sy onderdane op te offer ter dekking van die Britse terugtog by Duinkerke nie, en hy is voorgehou as 'n verraaier.

ding. Ses jaar lank het hulle hul volke vertel dat hulle veg om die Christene van Duitsland uit die „onchristelike” hande van Hitler te „bevry”, maar toe hulle hierdie selfde Christene aan Stalin uitgelewer het, het hulle nie 'n oog geknip nie.

Toe die Sowjet bygehaal is as 'n bondgenoot, was dit Roosevelt wat aan Stalin voorgestel het om 'n minder vyandige houding in die openbaar teenoor die godsdienste in te neem sodat dit vir hom (Roosevelt) makliker sal wees om sy volk tot hulpverlening aan Rusland te beweeg. Stalin het die wenk met dank aanvaar en 'n skynheilige gebaar teenoor die kerk gemaak. Eers is in 1947 met groot banier aangekondig dat aartsbiskop Nikolaj aangestel is as lid van die Russiese kommissie wat Duitse oorlogsmisdade ondersoek. Die Westerse pers het onderstreep dat dit die eerste keer sedert die revolusie in 1917 is dat 'n geestelike in 'n amptelike kommissie dien. Kort daarna is uit Moskou aangekondig dat die eerste sinode van die Ortodokse Kerk sedert die revolusie byeengeroep sal word

en dat 'n aartsbiskop vir Rusland by die geleentheid gekies sal word. En toe Stalin kort daarna ook werklik vir aartsbiskop Alexi erken as die hoof van die Russiese kerk, het die propagandiste van die Westerse politici hul volke nog harder bedude hoe Christelik Stalin nou geword het.

Dit is 'n bekende feit dat Stalin sy „kerkhooft” sedertdien gebruik om die invloed van die Roomse kerk in Oos-Europa te breek. Godsdienste het, danksy die advies van Roosevelt, 'n handige wapen geword in Stalin se stryd teen die beskawing — net soos dit nog altyd 'n handige wapen was in die hande van Westerse oorlogspropagandiste: eers teen Hitler, toe in belang van Stalin en tans weer teen Stalin.

Maar dit is betekenisvol dat hierdie selfde oor die godsdienste bekommerde propagandiste nooit ontdek het dat die Kommuniste kerke in Spanje afgebrand het en dat die huidige Spaanse staatshoof 'n diep godsdienstige man is nie. Propaganda-waarde het die godsdienste in Spanje nog nie.

DIE O.B., WOENSDAG, 26 JULIE 1950

REKENING GELEWER

Daar kan nie van die feit weggekom word nie dat die wêreldtoestand op die oomblik van uit 'n Westerse oogpunt beskou, benard is. Draketande wat deur Roosevelt, Churchill en geselskap tydens en kort na die oorlog gesaai is, staan vandag as 'n ryp oes. Die onheilge verbond met „premier” Stalin word in vlamme rooi letters teen 'n donker agtergrond afgeteken, en dit staan daar te lees vir diegene wat nog kort gelede elkeen wat gewaarsku het dat die enigste wal tussen Europa en die Kommunisme 'n sterk Duitsland is, met 'n aanklag van „fascisme” agtervolg het.

Die Koreaanse oorlog het 'n hele reeks onderlinge en selfverwyte laat los kom. Heeltemal openhartig praat die Amerikaanse blad Time van die „noodlottige fout” in die volgende bewoording:

„Die neerdaling vanaf die triomf van V.J.-dag tot die dag van wanhoop te Suwon was bedwelmend snel. Kommunistiese imperialisme het sy opmars deur Asië nog voor V.J.-dag begin. Hy het gebruik gemaak van die vinnigste wapens — politieke agitatie en meedoënlose organisasie. In Korea, net soos in Sjina, Indo-Sjina, Maleia en Birma, was inboorling-kommuniste besig om onder die geroep van vryheid en onafhanklikheid vir hul volke swaarder kettings te smee as wat selfs Asië nog ooit geken het.

„Teen die Kommunistiese opmars in Asië het die Verenigde State tydens die afgelope vyf jaar geen ferme of wyse teenstand gebied nie. Die Verenigde State is in 'n valse gevoel van veiligheid geneurde deur manne (sommige geestelik lui en ander nog erger) wat beweer het dat Asiatiese vraagstukke te moeilik is om op te los en dat die Asiatiese Kommuniste in elk geval nie eintlik Kommuniste is nie.”

PROPAGANDA GESLUK

Ons weet hoe daar ook in ons land, selfs in nasionale kringe, gepraat is van die goeie Sjinese Kommuniste wat maar net op 'n hoogtydige hervorming van hul land uit is. Die Christelike Sjinese leier, Tsjiang Kaisjek, is uitgemaak vir onbekwaam en korrup en die wêreld het hierdie gevaarlike laster dermate geglo dat Amerika tot 'n paar weke gelede nog bereid was om Formosa — Kaisjek se laaste eilandvesting — in die steek te laat ondanks die feit dat van uit 'n strategiese oogpunt, verlies van Formosa die Weste se verdedigingslyn met 6,000 myl terugwerp tot by Hawaii. Moskou, met sy uitgebreide vyfde kolonne wat tot in Washington se staatsdepartemente gesit het, het met sy propagandawapen soveel welslae gehad dat hy sonder 'n enkele skoot of dreigement die „magtige” Verenigde State so te sê klaar met 6,000 myl teruggeslinger het — was dit nie dat die uitbreek van geweld in Korea 'n haastige hersiening van beleid teweeggebring het nie. Maar dit is heeltemal moontlik dat hierdie hersiening so laat gekom het dat Amerika ook nie meer in staat sal wees om Formosa te verdedig indien die Kommunistiese Sjina hul aanval loods wat, volgens waarnemers, beplan was vir Julie-Augustus nie.

TE KOOP

In die geval van Brittanje was daar nie eens propaganda nodig nie. Ponde, sjielings en pennies was genoeg om die Britse politici te laat glo dat Tsjiang Kaisjek korrup en Mao-Tsetoeng 'n demokratiese bevryder is wat reg het op 'n sitlek langs Stalin in die raadsale van die V.V.O. En dit is verstommend dat die huidige Britse bewind nog verlede week by monde van sy onderminister van buitelandse sake as standpunt verkondig het dat Brittanje niks sal bydra tot die verdediging van Formosa nie. Inderdaad is Brittanje selfs in hierdie stadium nog bereid om die V.S.A. tot versaking van Formosa te oorreed.

Ons kan immers ook nie uit die oog verloor nie dat hierdie selfde Britse regering nog steeds groter vyandskap koester teen nasionale Spanje as teen die Kommunistiese skurke wat veertien jaar gelede kerke in Spanje afgebrand het en vandag in Suid-Amerika aan die voorpunt van Moskou se vyfde kolonne staan.

Die Amerikaners erken vandag die een fout na die ander, en soos ons tevore al gesê het, is dit 'n verontrustende saak vir die beskaafde wêreld om te moet weet dat die redende beleid van sy leiers maar net bestaan uit die herstel van hul foute. Maar wanneer hierdie wil om foute te korrigeer nog boonop so geheel en al ontbreek soos in die geval van die Britse regering, gee dit rede tot baie groot wanhoop.

Die Westerse wêreld is vandag besig om die rekening te ontvang vir sy knoeiwerk sedert 1939 — knoeiwerk wat vir 'n baie groot mate toegeskryf moet word aan 'n politieke stelsel waarin mannetjies van heel beperkte formaat bo dryf, en met hul opportunistiese praktyke 'n dampkring geskep het waaruit die wyses en opregtes van hart hulself liever terugtrek. Hulle het dus soveel geredeliker kans om die wêreld te verwerd vir hul eie klein winste.

Brief Aan My Partyvriend :

Politieke Namaaksels Terwyl Egte Produk Voor Hande Is

Geagte Vriend,

Jy praat van die lang en vrugbare sitting van die parlement hierdie jaar. Oor die vrugbaarheid het ek reeds in 'n vorige brief aan jou geskryf en daarvoor wil ek nie weer uitwei nie, behalwe jou weereens daaraan te herinner dat onder die huidige beurt-stelsel waarin regering en „alternatiewe regering” (alias opposisie) mekaar na korter of langer tydperke in die groen kussings opvolg, mens eintlik maar net van vrugbaarheid kan praat in die sin van die vrugbaarheid van 'n spanspedaal — as die drag af is, is daar binnekort geen teken meer van of vrug of stoel.

Maar van lang sitting gepraat. Ek het 'n gesprek gehad met een van die volksraadslede en hy kla toe steen en been oor die lang sittings wat veroorsaak dat volksverteenvoording 'n voltydse werk word. Vir byna die helfte van die jaar sit hy in Kaapstad weg van sy huis en as hy die een of ander praktyk het, raak dit verwaarloos. Na die sitting moet hy nog weer sy kiesafdeling plat ry om verslag te doen en dan is daar nog oral tussenverkiesings waar mens moet gaan praat. Volksverteenvoording het dus eintlik 'n voltydse werk geword, het hy gesê.

BIETJIE DOKTER

Ek het toe aan hom gesê of hy nie dink dat mens die aard van die werk in die volksraad 'n bietjie kan verander ten einde sake vinniger te laat spoed nie. As mens nou nie bereid is om die stelsel grondig te verander nie, kan daaraan miskien 'n bietjie gedokter word deur die werk so te verdeel dat daar verskillende groepe verteenwoordigers is wat elkeen belas is met 'n besondere vertakking van die landsbestuur. Hulle moet dan die wetgewing bestuur, en die breë volksraad druk net die stempel daarop. Jy sal merk dat dit die begin is van die idee van beroepsverteenvoording, waarvoor die Ossewabrandwag as 'n aanvullende stelsel pleit, maar nog nie die ware Jakob nie.

Hy het my toe daarop gewys dat hulle reeds hierdie stelsel toepas deurdat die koususse van die partye hul lede in sulke groepe verdeel en hulle doen dan aanbevelings by die kousus of die minister. Maar, het hy daaraan toegevoeg, 'n mens moet eintlik lid wees van al die groepe om op hoogte te wees van sake, want as jy 'n vergadering hou en 'n vraesteller neem jou onder kruisverhoor, dan moet jy in staat kan wees om al sy vrae te beantwoord, en dan is dit nodig dat die lid van die boere-groep ook alles weet van die sake wat deur die spoorweggroep of die groep vir natuurlike-politiek behandel is. Al is daar dus so 'n indeling binne die kousus, sorg elkeen nogtans dat hy alle groepe se vergaderings bywoon.

HELP NIKS

Nou ja, in die eerste plaas sal jy al dadelik voel dat hierdie onderverdeling van die kousus nog net die kousus se taak verlig, maar nie die volksraad s'n nie. Dit is geen tydbesparing nie, want die partye hou nog dieselfde uitgerekte toesprake in die „Huis” as wat die kousus se groep klaar daarvoor gehou het — in alle waarskynlikheid nog langer, want die kousus se groep het gewerk,

terwyl die partye in die raad propaganda maak.

In die tweede plaas help die indeling per slot van sake niks om die volksraadslede se vraagstuk van „Jack of all Trades” op te los nie. As hy op die politieke verhoog gaan staan en organiseer Vastrek staan op met sy koffertjie vol vrae, wat wissel van kraaminrigtings tot diamanthandel, dan kan hy nie wag om eenmaal te sê dat hy niks of nie veel van 'n sekere saak af weet nie, omdat hy nie aan daardie kousus-groep behoort nie. Nee, hy moet poseer as die alwetende staatsman wat nooit 'n fout maak nie en presies op hoogte is met alles wat in die land aangaan of behoort aan te gaan.

WEET DADELIK

Daar was byvoorbeeld die geval van een van die ministers in die eerste Nasionale Party-regering. Hy is op 'n dag deur 'n vraesteller heel indrukwekkend gevra hoeveel trokke daar in die land is. Sonder aarseling vir 'n breuk van 'n sekonde het die minister 'n afgeronde syfer genoem. Toe sy sekretaris ná die vergadering aan hom vra waar hy sy getal vandaan kry, het hy gesê dat hy maar net die eerste syfer genoem het wat in sy gedagte opgekrom het. Die man sal in elk geval nooit al die trokke kan tel nie!

WAAROM?

Nou wil ek jou vra: waarom die onmoontlike van 'n man verwag? Dit is mos slegs geniale figure wat so af en toe gebore word wat in staat is om 'n hele boel van 'n hele boel sake af te weet. Meeste mense, al is hulle bo die gemiddeld, is deskundiges van slegs een of uiters 'n paar vertakkinge van die lewe. Selfs 'n president van 'n land soos die Verenigde State, wat persoonlik heelwat gesag het, moet hom groterdeels maar verlaat op die advies en inligting van sy deskundiges.

Dit is hier waar die stelsel wat die Ossewabrandwag bepleit, die oplossing bied. In die eerste plaas word die stelsel van partyregering vervang deur 'n stelsel van volksregering. Dit is dan nie meer so belangrik om 'n man „vas te vra” nie, en die kennis wat 'n man het, word gebruik in verband met positiële arbeid aan die landswelvaart en nie om 'n negatiewe stryd teen die een of ander mededinger te voer in 'n soort vraswa-wedstryd nie.

EGTE DESKUNDIGES

In die tweede plaas maak jy voorsiening in jou volksverteenvoording vir deskundiges van die verskillende beroepe. Die boere se verteenwoordiger is dan daar om advies te gee en oordeel uit te spreek oor sake wat die boer aangaan, en dit is nie vir hom lewensnoodsaaklik om hom ook as deskundige van mynwyse of volksgesondheid voor te doen nie, omdat daardie afdelings hul eie deskundiges het.

Jou algemene volksraad wat die hoogste wetgewende gesag het en die wette maak na aanleiding van die advies van die groepsverteenvoordigers, se taak is dan om op grond van die voorgelêde advies en met inagneming van die algemene

landsbelang wat hulle verteenwoordig, die nodige beslissings te neem net soos 'n jurie byvoorbeeld oordeel op grond van uiteensettings van wetsdeskundiges in 'n hof.

So 'n stelsel sal nie net baie tyd en geld spaar nie, maar die land ook heelwat van die ellende bespaar wat vandag soos hiënas volg op die slepsel van die partypolitiek.

Vermaak By 'n „Graf”

Die Oosterlig, H.N.P.-blad in Port Elizabeth, skryf as volg in 'n redaksionele rubriek in sy uitgawe van 20 Junie:

So van Sap-koerante en klein goedjies met groot stemme gepraat, ek sien in die pers dat die Ossewabrandwag se Hoofraad weer 'n slag 'n sogaamde „manifes” uitgereik het waarin oor 'n toekomstige regeringsvorm vir die land bedeude word. Oor hierdie vreeslike toekomsplanne wil ek maar liever nie hier uitwei nie. Wat my in daardie manifes lekker laat lag het, is twee sinnetjies wat lui dat die Ossewabrandwag „nou weer 'n sterk organisasie opbou” en „dat hy vir geen enkele oomblik die pad van eenheid sal verlaat nie”. Hoe's daai, my leser? 'n Organisasie wie se een been nog net bo die graf gesien kan word, praat van 'n „sterk organisasie” opbou en die „pad van eenheid” volg.

As die O.B. van „eenheid” praat dan laat dit my mos altyd dink aan die Ierse soldaat wat uit die pas uit geloop het en toe die skuld op die ander lede van sy regiment wat in die pas was, gepak het. Die ganse Nasionale Afrikanerdom wat vandag aan die spits van die politieke front hartlik saamveg, is seker in die oë van die O.B. uit die pas uit. Ek het netnou gepraat van een been van die O.B. bo die graf, maar ek moes eintlik gesê het dat dit nog net sy mond is wat daar uitsteek. As hy darem ook nie daardie mond gehad het nie, sou die kraai al lankal op sy graf nes gemaak het.

Toelae Vir Lewenskoste Nie Verhoog

Die lewenskoste-toelaag vir staatsdiens sal nie in die loop van die huidige finansiële jaar verhoog word nie, het die Minister van Finansies en die Minister van Spoorweë verlede week 'n afvaardiging van staats- en spoorwegamptenare meegedeel.

Die vaspenning van die staatsdienstoelae sedert verlede November het ook 'n uitwerking op die toelae wat in ander vertakkinge geld waar die staatsdienstoelae as grondslag gebruik word. Afgesien hiervan is daar 'n groot aantal salaris- en loontrekkers wat die minimumtoeslag wat ongeveer 'n kwart van dié in die staatsdiens is, ontvang. Verhoogde pryse in die afgelope jare het veral laasgenoemde groep swaar getref.

Christelik-Nasionale Beweging In V.S.A. Voer Stryd Teen Verbastering

In Noord-Amerika, met sy kosmopolitiese bevolking, word ook 'n stryd gevoer vir Christelik-nasionalisme. Die beweging wat hom hiervoor beywer, het die afgelope week 'n konferensie in Los Angeles gehou onder leiding van Gerald L. K. Smith. Mondstuk van die beweging is The Cross and The Flag, wat 'n anti-Joodse toon aanslaan en sterk anti-Kommunisties is.

Die doelstellings van die beweging word in die volgende stellings saamgevat:

„Om Amerika te bewaar as 'n Christelike volk met die wete dat daar 'n hoogs georganiseerde veldtog aan die gang is om Joodse tradisies in die plek van ons Christelike tradisies te stel.

„Om die Kommunisme aan die kaak te stel en onwettig verklaar te kry.

„Om Amerika te beskerm teen die bedreiging van burokratiese fascisme.

„Om 'n regering daargestel te kry deur die meerderheid wat geen minderheid sal vertrap of deur 'n minderheid misbruik sal word nie, wat verbastering sal beveg asook alle pogings om vermenging tussen wit en swart teweeg te bring.

„Om ons nasionale hulpbronne aan ons eie burgers in die eerste plaas te laat toekom.

„Om die buitelandse beleid van George Washington, naamlik vriendskap met alle volke, handel met alle volke en bondgenootskappe met niemand, te handhaaf.

„Om 'n wêreldregering en superstaat teen te staan.

„Te bewys dat die werker, die boer, die sakeman, die veteraan, die werklose, die oue van dae en die sieklike groter welsyn onder die Amerikaanse stelsel kan geniet as onder enige vreemde stelsel wat tans deur vreemde propagandiste verkondig word.

„Om immigrasie stop te sit sodat Amerikaanse betrekkings en Amerikaanse huise vir Amerikaanse burgers bewaar kan word.”

OORLOG AFGEKEUR

Die beweging se houding in verband met die afgelope oorlog kan afgelei word van 'n verwysing in sy mondstuk na 'n boek deur P. Xavier, „Rise America”, waarin die skrywer, wat as soldaat na drie jaar se verblyf in Europa 'n groot boel „gruwelpropaganda van die Geallieerdes se internasionale leuen-fabrieke” aan die kaak stel.

„Sedert Rise America! in 1945 geskryf is, het die Kommunistiese vloedgolf so uitgebrei dat dit meer as 'n kwart van die mensdom insluit. Met Nasionale Sjina gedoem en 'n honderd miljoen siele in Oos-Europa opgeneem in die Kommunistiese stelsel sedert die einde van vyandelikhede, sien ons die kolossale dwaling en misdaad van diegene wat ons in die oorlog gesleep het teen Duitsland en Japan wat die enigste lande was wat met welslae die Kommunisme in hul gebied weerstaan het.”

SJINESE SKANDAAL

In verband met die versaking van Sjina, verklaar die blad: „Die skandaal van Sjina is onbeskryflik. Die enigste rede waarom die Amerikaanse volk nie aan super-skok weens die Sjinese toestand ly nie, is omdat dit te geweldig vir die gewone persoon is om te begryp. Dit verteenwoordig die super-verraad en die superdwaasheid van alle tye. Ons het Japan geslaan ten einde Sjina, die Ooste en die Stille Oseaan van Japanse oorheersing te red. Terwyl ons dit

feitlik stokalleen gedoen het (Stalin het nie tot die stryd toegetree voor die laaste minuut nie) het ons onmiddellik na die oorlog voort gegaan om die hele Sjina bloot te stel aan Russiese agressie. Vandag is Sjina net so volledig in Stalin se hande as Rusland.”

KLEURSTANDPUNT

Die beweging neem 'n sterk houding in ten opsigte van die kleurvraagstuk. In dié verband word te velde getrek teen „drie soorte maatskaplike parasiete” — die „sentimentalis”, „demagoog” en „agitator”. Eersgenoemde, so word verklaar, is die meneer wat „swart en wit deurmekaar wil gooi in een pragtige gemors.” „Hy het geen sin vir werklikheid in sy benadering van die kleurvraagstuk nie, maar in meeste gevalle sal selfs hierdie sentimentalis dit as die treurspel van sy lewe beskou as hy een aand van sy weekhartige vergadering terugkeer en 'n groot, swart neger op die stoep aantref met sy arm rondom sy wit dogter in liefkosing geslaan.”

POLITIKUS

„Die demagoog in die Amerikaanse politiek is dieselfde soort persoon, bereid om die saligheid te verkoop aan die hoogste bieder of sy moeder se trouwing in te ruil vir 'n politieke geleentheid. Die demagoog sal die neger alles belowe wat hy wil hê, met inbegrip van gemengde huwelike, politieke mag, oorheersing van die blankes in die regering. Hy meen dit egter nie. Hy doen slegs die belofte ten einde die stemme van die negers te kry, en van agter sy hand verduidelik hy aan sy geskikte vriende of ordentlike kiesers dat dit nodig is ten einde aan bewind te bly.”

Die agitator is gewoonlik onder Kommunistiese beheer. Sy werk is realities, intelligent, subtiel, slim, gevaarlik en verraderlik. Hy verwek doelbewus ontevredenheid onder die negers, klop hul gevoelens op tot 'n punt van astrantheid in die hoop dat dit tot opstand en kwaad-aardige onluste sal lei.”

KRY

LIEWER U

WINTER-

UITRUSTING

BY

Steyns

DIE MODEWINKEL

Parow

Britse Soldaat Spring Straf Vry — Duitsers Gehang

'n Paar maande gelede is 'n Britse soldaat met die naam van Linsell in Duitsland deur 'n Britse hof ter dood veroordeel weens moord. Die aanklag was dat hy 'n Duitse konstabel doodgeskiet het onderwyl hy op wag was. Daar is erken dat hy bevele gehad het om te skiet indien iemand weier om stil te hou. Die Duitser het sy bevel verontagsaam en Linsell het hom doodgeskiet. Die hof se bevinding was dat Linsell nie vry te spreek is op grond van hoëre bevele nie, en hy is ter dood veroordeel.

Linsell is egter nie tereggestel nie. Die opperbevelhebber van die Britse besettingsmagte het geweier om die vonnis te bekragtig en hom laat loop.

Duisende Duitse soldate is na die oorlog tereggestel of vir lang termyne in die tronke gesmyt omdat hulle „misdade” gepleeg het waartoe hulle deur hoër offisiere bevele is. Toe hierdie nuwe regsbeginnel 'n paar maande gelede in die Britse hoërhuis ter sprake gekom het, het hooggeplaaste militêre verteenwoordigers in die huis die nuwe beginsel ten sterkste afgekeur. Hul redes lê voor die hand — indien 'n soldaat verantwoordelikheid moet neem vir die uitvoering van 'n bevel, spreek dit vanself dat hy die reg moet hê om 'n bevel te toets. 'n Offisier kan dus nooit seker wees of sy bevele in 'n oorlog uitgevoer word nie, en die reël is dus 'n growwe ondermyning van militêre dissipline.

Deur Linsell te laat loop het die Britse opperbevelhebber in ooreenstemming gehandel met die opvatting van sy kollegas in

Engeland, en as die hoogste gesag in Duitsland het hy dus die onhoudbaarheid van die militêre kode wat deur haatgedrewe politici ingevoer is, aan die kaak gestel.

NET VIR DUITERS

Sover dit Britse soldate betref, is hulle — in Duitsland in ieder geval — nie onderhewig aan die nuwe regsbeginnel wat deur wraakgierige politici geskep is nie. Maar intussen lê honderde Duitse soldate begrawe wat opgehang is omdat hulle net soos Linsell hoër bevele uitgevoer het en wel op 'n tydstop toe daar nog geen sprake van die nuwe „beginsel” was nie. Duisende ander Duitsers verkeer nog in tronke. Dat die Britte hulle nou ook sal laat loop soos Linsell, is natuurlik te veel om te verwag. Aan die Duitsers is mos met groot gebaar getoon hoe hierdie beginsel toegepas word sonder aansien van persoon toe Linsell wel formeel skuldig bevind is deur 'n hof. Niemand sal kan sê dat Brittanje met twee mate meet nie.

HIERDIE TABAK ...



verskaf werk aan
duisende Suid-Afrikaners

TABAK is 'n uiters belangrike produk vir Suid-Afrikaners—en die vervaardigers van Springbok-sigarette het eerste hierdie rykdom vir die land ontgin. Veertig jaar gelede is alle sigarettabak ingevoer; vandag produseer 16,000 Suid-Afrikaanse boere blaartabak. Hulle is van die begin af aangemoedig en gesteun deur die vervaardigers van Springbok-sigarette, die oudste sigaretvervaardigers in Suid-Afrika. Die vervaardigers van Springbok het meer as 6,000 werkers in hul diens, en ondersteun nog steeds die Suid-Afrikaanse nywerheid deur groter werkverskaffing aan te moedig. Die verhaal van die Suid-Afrikaanse sigaret, is hulle verhaal.

—danksy die vervaardigers van
SPRINGBOK
Die Nasionale Sigaret



Vir geurige
verfrissing en
vroulike verfyndheid

KWV

-Eau de Cologne
en -Lavental

PRODUKTE VAN
SUID-AFRIKA



K97

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

BEESTE

Te koop. Jersey koele en verse: Skakel 6811, Wellington. Telegrafer Du Toit, Malanastie. 19/7/13B

SPEELSKEIE

Bottelskeie 4/-; kopskeie 4/6; Agtkantige 5/-; Dubbelkop 5/6; per paar. Goeie houtsoorte. Kooi Botha, P.S. Serpentine, Dist. George. 26/7/8

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyster sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 26/7/50/5

GRYSHARE

GRYSHARE herstel, skilfers verwyder, haregroei bevordert, jongvoorkoms versterk, dit waarborg GRYSHAARWONDER, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurloos, vry, 5/- per bottel geld met bestelling. Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. C/1/9/49

Antigrysh herstel gryshare en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. E14/6/50



„Besook ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.”

Die Tyd Word Min!

Almal wat republikeine is . . .

Almal wat ware volkseenheid nastreef . . .

Almal wat 'n blanke toekoms soek . . .

het belang daarby dat Die O.B. deur soveel as moontlik gelees word.

Help ons om nog 'n intekenaar te kry en u skakel nog 'n krag by in die stryd vir volk en vaderland.

Vul onderstaande intekenvorm in en pos saam met geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

.....vir die eerste.....maande.

NAAM.....
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

BLY NET WAAR ONS IS

Mnr. P. C. Kruger, Pk. Stoffberg, skryf:

Elke ding het sy begin en sy einde en by staatsstelsels tref mens dit ook maar aan. Ons hoor nog dailiks praat van die demokrasie, maar elke land en elke mens het al sy eie begrip van wat demokrasie is. Daar word beweer dat demokrasie 'n mens vry maak, maar daar is twee soorte vryhede — die een maak mens van sonde vry en die ander maak die mens vry om te sondig. Laasgenoemde word in Rusland en ook in ons land deur die Kommuniste „demokrasie” genoem, terwyl eersgenoemde by die Christendom „demokrasie” genoem word. Die waarheid is dat die begrippe so verward geraak het dat nog net die naam oorgebly het en niks van die beginsels nie. Eers het genl. Smuts met sy noodregulasies die bewys vir die stelling gelewer en na hom moes die Malan-regering ook maar besef dat die demokrasie nie meer as middel kan dien om die Kommunisme te beveg nie.

PARTYSTELSE

Maar nou sit ons nog opgeskeep met die gedrog wat uit demokrasie gebore is — die partystelsel met sy betaalde opposisie. Voorheen was dit die taak van die opposisie om te adviseer, maar tans lyk dit of hulle meen hul enigste taak is om die regering te belet om te regeer en hom so spoedig moontlik tot 'n val te bring. Dientengevolge word daar niks tot stand gebring nie. Neem byvoorbeeld die kleurvraagstuk. Met unifikasie, toe die partystelsel ingevoer is, is hierdie vraagstuk bespreek en as al die toesprake wat sedertdien hieroor gehou is, in boekvorm uitgegee moet word, sal dit 'n ontsaglike dik bundel wees, maar onder aan die laaste bladsy hiervan sal ons kan skryf: „Nog geen oplossing nie: krisis op hande.” Waarom is dit so? Omdat daar nog altyd 'n sterk opposisie was wat die oplossing weerstaan het.

„DIKTEER”

Daar word beweer dat daar eintlik net twee staatsstelsels is — demokrasie of diktatuur. Maar volgens die woordeboek is diktator of diktatuur afgelei van die woord „dikteer”. Nou, as ek nie vir my kinders dikteer nie, wat sal van hulle word? en as besighede nie dikteer nie, wat sal van hulle word? En as die staat nie met wetgewing aan die volk kan dikteer nie, wat sal van die samelewing word? Die hele Bybel dikteer van Genesis tot Openbaringe.

Maar daar is twee soorte diktature — die een deur God ingestel en die ander deur Satan. Die demokrasie is 'n middeleg wat tot 'n doolhof lei waarbinne daar gedwaal word en elke keer weer by dieselfde punt uitgekóm word — oorlog. En hierdie demokrate het met die godlose Stalin gaan maats maak

Vingers En Tone Vir 'n Rekord

Die Franse geselskap wat onlangs die rekord geslaan het vir hoogklom deur bestyging van die Annapoera-bergtop in die Himalaja-gebergte, het 'n hoë prys betaal vir hierdie „eer”. Sowel die leier, Maurice Herzog, as 'n ander lid van die geselskap het as kreupels en verminktes teruggekeer van die onderneming. Albei het al hul tone verloor weens die onsekerheid, terwyl Herzog ook nog al sy vingers kwyt is. Hulle is vir meer as 'n maand op draagbare en op die rug gedra vordard hulle binne bereik van vervoer kon kom.

om die Duitse volk uit die weg te ruim, en daarna is probeer vrede maak sonder God. En die gevolg is dat ons voor 'n derde wêreldoorlog staan. Die demokrasie wat aan 'n opposisie glo, het nou 'n wêreld-opposisieskap: Oos teen Wes.

HULDE AAN OORLEDENE

„Oom Jan”, Pretoria, skryf:

Die heengaan op 5 Julie van kommandant Seef Combrink, van Schagen, Oos-Transvaal, is vir almal 'n diep skok; veral vir diegene van ons wat in hom in die uur van nood en gevaar 'n staatsmakerkameraad gevind het. Waar die lewe ons vandag ook al na die uithoeke van ons Vaderland gedryf het, buig elkeen van ons ons hoofde in stille eerbetoen oor die aardse rusplek daar in die verre Laeveld van 'n edel hart wat nie meer klop nie.

Met erkenning aan Jan F. E. Celliers se „Generaal De Wet” lê ons graag die volgende kranse op jou graf, Kameraad Oom Seef, en terselfdertyd die trooswoord in die harte van hulle wat jou altyd so pligsgetrou bygestaan en nou alleen agtergebly het:

Soos Ons Lesers Dit Sien

Stil, broers, daar gaan 'n man verby, hy 't gegroet, en dis verlaas. Daar was maar één soos hy.

Die oog, nou dof en weggesink, soos vuurvonn kon hy blink — die arendsblik, die kakie- en renegateskrik. Die stap en kraggebaar is nou bedaar.

Al is sy blik geblus, hy kyk nog fier omhoog in jou

soos in sy God se oog, Al rus hy reeds sy rus, getuig vir jou en my, my broer, sy graf opdat ons nooit vergeet: Elk stap en hartslag was tot daár getrou!

En hierdie pure man jou kind, Suid-Afrika! Wat vrees ons dan? Geseën sal wees die grond, die bloed, die vlees wat sulke vrugte dra. In ons Oom Seef se gees Voorwaarts, Suid-Afrika!

Goddank vir jou, Oom Seef.

Verandering Van Eksamenstelsel Allig In Sig

Die Britse regering is voornemens om die huidige stelsel van skool-eksamens af te skaf en te vervang deur een wat gekenmerk sal word deur 'n groter mate van werklikheidsin. Daar bestaan dus hoop dat die skadelike stelsel wat in Suid-Afrika in navolging van Brittanje ingevoer is, waarskynlik ook oor 'n aantal jare deur iets beters vervang kan word — in navolging van Brittanje en nie van gesonde verstand nie wat reeds lankal op so 'n verandering aandring.

'n Amptenaar van die Britse onderwys-departement het verklaar dat die bestaande eksamens in die skool- en hoërskool-sertifikaat in 1951 vervang sal word deur 'n eksamen vir 'n „algemene onderwys-sertifikaat” waarvan die vernaamste kenmerke sal wees dat dit drie standaardde sal hê, dat daar geen verpligte groepering van vakke sal wees nie en dat alle vakke opsioneel sal wees. Vir elke vak wat in 'n bepaalde standaardde geslaag word, word 'n sertifikaat uitgereik ongeag hoeveel vakke die kandidaat in slaag. Dit is dus eintlik niks anders nie as 'n aantekening van die kandidaat se prestasies op onderwysgebied en elke werkgewer kan daaruit wys word waartoe die applikant in staat is.

Alleen kinders bo 16 jaar word tot die eksamen toegelaat.

Hierdie verandering is natuurlik nog onderhewig aan heelwat kritiek, maar wat vir Suid-

, Menghuwelik Geen Fout'

Die Engelse Metodistiese Kerk het verlede week 'n verklaring in Engeland uitgereik waarin gemengde huwelike verdedig word. Daar is ook heelwat verwysings na Suid-Afrika, en onder meer word 'n beroep op die Britse regering gedoen om nie die protektorate aan die Unie te oorhandig nie tensy uitdruklike voorwaardes ten gunste van die natuurlike deel uitmaak van die oorhandiging.

Die verklaring lui dat as twee mense van verskillende rasse met mekaar trou, breek hulle geen wet van God nie, en hulle moet ook nie deur 'n wet van mense gestraf kan word nie. Die geluk en onderlinge hulpvaardigheid spruit eerder uit gemeenskaplike kulturele prestasies en geestelike ideale as uit die feit dat die twee mense van dieselfde ras is.

Afrikaanse hervormers verblydend behoort te wees, is dat Brittanje darem nou aan die beweeg kom na iets beters — en dan is daar ook hoop dat Suid-Afrika die gediensste voorbeeld sal volg, en dalkies 'n halwe stappie verder vorentoe gee.

Gebruik

EPOL

GEBALANSEERDE

RANTSOENE

vir

Maksimum-Produksie

en

Groter Besparing

EPOL

S.A.P.V.

Pluimvee Mengsels

en Pille

EPOL

Suiwel- Kalf- en Varkmeel



VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS LTD.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414

Boere Jeug

AMPTELIKE

ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 26 JULIE 1950

Vir ons Offisiere Verduidelik ons

ONS BELEIDSBEGINSELS

Dit is die taak van ons as offisiere om ons Boerejeug te lei en voor te lig. Veral moet ons gedurig aan hulle die beginsels van ons Volksbeweging op die hart druk — daardie beginsels wat hulle moet voortdra en verwesenlik.

In ons volgende uitgawes wil ons probeer om ons Volksbeweging se beleidsbeginsels in eenvoudige taal voor te lê, sodat dit op 'n maklike verstaanbare manier deur u aan die Boerejeug oorgedra kan word.

As grondslag plaas ons hierdie week al tien punte, sodat u vooraf 'n oorsig kan kry.

1. VERENIGDE VOLKSPOLITIEK IN PLAAS VAN DIE VERDELENDE PARTY-POLITIEK

Die partystelsel moet vervang word deur die eenheidsorganisasie van die volk in 'n allesomvattende Volksbeweging. Dit moet die gesinsgemeenskap bevat, maar ook die verskillende werkgemeenskappe en die kultuurgemeenskap sowel as die staatsgemeenskap. Sodoende snoer dit alle volkskragte in een totaliteit saam tot vestiging en bestending van die Republiek.

2. EENHEIDSTAAT IN PLAAS VAN DIE BESTAANDE BONTE MENGELMOES

Om die huidige parlementêre, provinsiale en munisipale instellings te vervang, moet daar een kragtige en deskundige gesagsregering wees oor die hele land, met inskakeling van ware volks- en beroepsverteenvoordinging op alle gebiede en in alle belange.

3. EIE SEGGENSKAP VIR DIE BEROEPE

Die verskillende beroepe moet in staat gestel word om elk in sy eie huis skoon te maak en sy sake te bestuur, met verteenwoordiging in die Regering onder die ko-ordinerende leiding van die Staat en met medewerking van die Volksbeweging.

4. NET VOLKSGENOOT KAN BURGER WORD

Slegs volksgenote of potensiële volksgenote — d.w.s. slegs blankes wat assimileerbaar blyk, kan burgers word. Dus, benewens Afrikaans- en Engels-sprekende burgers van vandag, ook ander van Europese afkoms. Maar burgerskap is afhanklik van onverdeelde trou teenoor Suid-Afrika. Ander blanke persone geniet wel gasreg, dog g'n burgerreg nie.

5. GELEIDELIKE SEGREGASIE

Nie-blankes word mettertied uitgeskei uit blanke gebiede met die oog op rassuiwerheid en rasegte ontwikkeling van alle elemente. Alles, egter, met behoorlike inagneming van arbeidsvereistes.

6. AFRIKA VIR DIE AFRIKANER

Die Afrikanerdom aanvaar sy taak om die Christelike-Nasionale ontwikkeling van Suidelike Afrika te lei in aansluiting by

die Westerse Kultuurkring en in samewerking met die verwante blanke volkere wat daarby belang het.

7. CHRISTELIK-NASIONAAL IN PLAAS VAN LIBERAAL

Die Christelike-Nasionale ontwikkeling van die eie volkslewe en van inheemse kleurlinge en naturelle word in die besonder verseker deur volle samewerking met die erkende Christelike kerke, deur uitkakeling van 'n daarmee strydige propaganda van rassevermenging of rassehaat, deur beheer oor die verskillende propagandamiddels en 'n deeglike Christelike-Nasionaal hervorming van die skoolweese vir die verskillende volks- en bevolkingsgroepe.

8. WERKLOOSHEID IS 'N REFLEKSIE OP DIE STAAT EN NIE OP DIE WERKSOEKENDE VOLKSGENOOT NIE

Volksorg word gerig op die versekering van gesonde huisgesinne en op welvarende arbeid. Werkloosheid kan nie geduld word nie en die werker word in die volksgeheel ingeskakel om hom sover menslik moontlik te beskerm teen alle onsekerhede van die lewensonderhoud uit arbeid.

9. LANDSRYKDOM IS VIR VOLKSDIENS DAAR.

Die produksiebronne van die land word onder staatsleiding, in die eerste instansie deur die eie inisiatief van die staatsburger, ten volle ontwikkel in volksbelang. Die rykdom aldus geproduseer, word billik verdeel tussen die verskillende deelnemers in die produksieproses.

10. GEEN KAPITALISME EN OOK GEEN KOMMUNISME NIE

Die kapitalisme met sy uitbuitende en anti-nasionale beheer, veral oor die mynbou, die fabriekswese, die handel en die geldmark word ingekort of afgeskaf; produksiepryse, -winste en -skulde word beheer; spekulasie met grond, wonings, voedings- en kledingsmiddele van die volk word beheer. Die godlose en raslose Kommunisme word deur 'n Christelike en volksele sosialisme teengewerk en vernietig.

VERJAARDAG-KETTING

JULIE

- 26 Rachel van Schoor, Paarl.
Rudu von Wiellich, Agter-Paarl.
Jessie Malherbe, Franshoek.
Johannes Visser, Kanoneiland.
27 Stefanie Watson, Bezuidenhoutsvlei, Johannesburg.
28 Willem Fourie, Stutterheim.
Andre du Toit (Sunshine), Stellenbosch.
Tjaart Roos, Brits.
29 Maria Barnard, George.
30 Johanna Nel, Oudtshoorn.
Gesina Bothma, Oudtshoorn.
31 Hermine Dampers, Heidelberg, K.P.
Gesina van Heerden, Rustenburg.
Elbie van der Merwe, Slabberts, O.V.S.

AUGUSTUS

- 1 Emmerentia Nelson, Oudtshoorn.

BRIEWE-KOLOM

Beste Maats,

Ai, daar is darem niks beter as 'n aangename verrassing nie. Hierdie week was dit 'n brief van Jannie du Toit van Pretoria. Ja, hy was almal se maat; almal het hom geken en almal het van hom gehou. Daarom is ons so baie bly as ons van hom iets hoor.

Jan vertel dat dit met hom nog eerste klas gaan maar dat hy net erg verlang Kaap toe. Volgens hom lyk dit asof 'n Bollandier maar nooit kan wortel skiet daar in die Transvaal nie. Hy het darem al van die Boerejeugmaats daar gaan besoek en kon al saam met hulle gaan kamp het as dit nie was vir iets onvoorsienis wat voorgeval het nie. In elk geval, hy het al vir Piet Kotze (wie onthou nie die Parade-kommandant by die Monument nie?) raakgeloop en hulle het net lekker gesels. Ons wens Jannie wil bietjie vuurmaak onder die Vaalpense sodat hulle aan ons kan skryf oor die funksies en uitstappies wat hulle daar hou.

Van, Upington skryf 'n ou maat, Lenie de Klerk, aan ons: „Ek wonder hoekom alle maats dan so stil is. Noudat die skoolwerk vir 'n rukkie verby is, en die vakansie op hande, kan die outjies wat nie op va-

kansie gaan nie (soos arme ek), gerus 'n bietjie skryf sodat ons die nuus van ander plekke kan hoor. Dink u nie dit sal gaaf wees nie!

„As mens volgens die weer moet oordeel hoe bedrywig dinge hier is, kan dit as 'n soort windstilte beskryf word. Een van ons grootste hindernisse is die feit dat Boerejeug-lede so van mekaar verspreid is. Daar word beweer dat Upington oor 'n kwarteeu 'n stad sal wees. Ek wens dit was al klaar die geval — sodat daar gereelde busdienste kan wees, en vervoermoeilikhede nie so 'n kwessie kon wees nie. Wel, mens weet nooit wat die toekoms sal baar nie — dalk kan Upington nog eendag spog met een van die sterkste Veldkornetskappe.”

(Ons hoop om gou weer van jou te hoor. Jammer dat jou brief so 'n bietjie laat geplaas is maar dit het ongelukkig 'n groot draai gemaak voordat dit by die regte bestemming uitgekóm het. Wat jou moeilikheid in verband met die Boerejeug en jou toekomstige planne betref hoef jy nie bang te wees nie. Jy behoort slegs aan 'n beweging wat net soos die Boy Scouts of Voortrekkers is.—

Red.)

Tot oor twee weke dan, Totsiens.

NA SEWE MAANDE

Deur KOMMANDANT JANNIE

Vandag, sewe maande nadat ons ons ou laerterrein by die Voortrekkermonument verlaat het, was ek weer daar. Aanvanklik was dit nie my plan om na die laerterrein te gaan nie — ek wou slegs weer gaan kyk het hoe die monument daar uitsien. Toe ek egter bo-op die monument staan, presies daar waar 'n klompie van ons, op die aand van die 15de Desember 1949, gestaan het, en ek afkyk op die terrein waar eenmaal 'n tentestad gestaan het, val my blik op ons eie laerterrein. 'n Onweerstaanbare drang, om die plek te gaan besoek, het hom van my meester gemaak. Noem dit sentiment as jy wil; ek sê dis die gees van kameraadskap.

Haastig stap ek met die klipperige pad teen die bult af. Daar was die stallertjie van Amajuba Handelaars, hier het iemand 'n foto van ons groep geneem. Daar teen die hang van Monumentkoppie, staan dieselfde goederekantoor nog. Verder is alles bedek met lang vaal gras. Op die plek waar ek so pas verbygeloop het, het 'n lid van die Suid-Afrikaanse polisie ons eendag 'n pluimpie gemaak — onthou u nog Komdte. Hofmeyr?

Hier is ek nou by die sloot waar die Voortrekkerkamp was. Daar lê nog 'n uitgebrande fakkel. Verder net lang vaal gras.

Moeg en nat van die sweet, kom ek eindelijk by ons eie laerterrein aan. Duidelik is die ronde kaal kolle, waar ons tente gestaan het, nog sigbaar. Sewe maande gelede het ek ook hier gestaan. Ek het toe 'n Boerejeug-uniform aangehad, die vrolike stemme van honderde Boerejeugs en -dogters het deur

die lug weerklink. Stofdampe het die lug ontsuiwer. Vandag staan ek weer hier. Maar ek dra nie nou 'n Boerejeug-uniform nie en kan ook nie die stemme van honderde Boerejeugs en -dogters hoor nie. Nou is dit net 'n heerlike herinnering — alles is verby.

'n Ligte windjie roer skielik die lang vaal gras. 'n Stukkie papier warrel voor my verby. Ek word koud — die stukkie papier is niks anders as 'n kopie van DIE TENTPEN, ons laerblad, nie. Haastig gaan sit ek in die gras. Weereens geniet ek die inhoud van die uitgawe van 18 Desember 1949. My oë val op die gedig op die voorblad:

As skemer in ons harte daal, Sal ons jou uit ons rakkie haal,

En lees en lag, en weer onthou,

Dat Boerejeug steeds op moet bou.

My gedagtes gaan terug na die nagtelike arbeid in die vragmotor van Komdte. Fuls. Gewoonlik was dit net Komdte. Lenie Roos wat gewerk het. Ons ander het gesit en lag of slaap tot die vroeë môre-ure. Dan het Komdte. Lenie ons wakker gemaak om die klaargetikte wasvelle af te rol.

Jou waarlik, daar lê nog iemand se skoemborseltjie. Dit is nou al besig om te verweer. Ek wonder aan wie dit behoort. Moontlik is die eienaar nou iewers in die ou Kaap. . . .

Dit was lekker om hier te kon gewees het. Hier was ons werklik een — ons was een Jeug van die Boerevolk. Een alhoewel ons nou weer dwarsoor ons Vaderland versprei is, bly ons een — een in ideaal en strewe;

Ons bly kamerade in die Boerejeug.



Laat die S.A.S.-toeristeburo al die reëlings vir u tref. Dan is daar maar een kantoor om te besoek en een betaling om te maak. Dit is verreweg die beste manier om reisgenot te verseker — en dit is tog so eenvoudig. Die Toeristeburo sal u kaartjies vir land-, see- of lugreise uitreik, u plekbesprekings doen, en hotelakkommodasie, maaltye en beddegoed onderweg vir u reël. Indien u met die Springbokdiens reis, en u plek by die Toeristeburo bespreek, sal u hotelakkommodasie in die Verenigde Koninkryk ook vir u gereël word. Al wat u dan te doen staan, is om u reis te geniet!

Spreek u naaste Toeristeburo of Stasiemeester

S.A.S.

TOERISTEBURO

Luister na Carmen Cavallaro oor Springbok-radio; elke Dinsdag-, Donderdag- en Saterdagand om 7-uur

Israel Word Allig Christelik, Meen Waarnemers

Is die Jode in Israel aan die ryp word vir die Christelike geloof? 'n Paar weke gelede is in Die O.B. berig van 'n Joodse hoofrabbyn wat uit sy amp ontslaan is omdat hy begin ywer het vir Christus. Aan die einde van verlede jaar het Intelligence Digest berig dat daar tekens van 'n algemene bekeering in Israel te bespeur is.

Die blad verwys na die mening van 'n vooraanstaande Joodse filosoof in 'n hoë staatsbetrekking wat weens sy posisie „instaat is om so 'n noukeurige waarneming te hê van alle Joodse bewegings dwarsdeur die wêreld dat ons sy mening van baie groot belang ag". Hierdie Jood het verklaar dat daar rede is om aan te neem dat Israel „binne afsienbare tyd die Christelike geloof sal aanvaar". Die herstel van Israel het die Jode sterk Bybel-bewus gemaak en hulle sien daarin 'n vervulling van die Profesieë.

VERDERE GETUIENIS

Intelligence Digest berig verder dat getuienis uit 'n heeltemal ander oord op dieselfde verskynsel dui. 'n Reisiger in die Midde-Ooste, wat 'n wêreldbelangrike vereniging verteenwoordig, het 'n opsigbare verslag na Londen gestuur. Hy

verklaar dat die verskaffing van die Bybel hoë voorkeur moet geniet omdat daar dwarsdeur die land 'n vraag daarvoor is.

„Nog meer verrassend is dat hy sê dat die vraag na die hele Hebreeuse Bybel groot is en dat selfs Ortodokse Jode daarvoor vra. Sowel die Ou as die Nuwe Testament is in aanvraag. Jode wat afkomstig is van Sjanghai vra na Sjinese Bybels. Hy verklaar dat baie Jode uit Europa afkomstig, sowel in geloof as gedrag Christene is.

„Hierdie verslag kom van so 'n uitstekende bron dat ons dit in die kategorie A.I. plaas," verklaar die blad.

CHRISTELIKE ROLPRENT

Ten slotte word verklaar dat die waarnemer berig dat talle Jode geld geskenk het vir die verfilming van die lewe van Christus waarvoor „invloedryke groepe in verskillende lande hulle beywer". Hierdie rolprent is gebaseer op die Christelike leer, maar desondanks het talle „vooraanstaande Jode" hul begeerte uitgespreek om daarvoor by te dra. Die waarnemer was so verbaas hieroor dat hy deeglik ondersoek gaan instel het na die dogmatiese karakter van die rolprent, en bevind het dat selfs 'n leerstellige saak soos die Opstanding ook daarin sal voorkom.

In die verband is dit interessant dat in 'n artikel oor Israel in Die Huisgenoot deur prof. F. C. van N. Fourie ook gewag gemaak word van die belangstelling wat daar vir die Bybel in Palestina op die oomblik is.

Aan die Nuusfront

Boererate Nie Te Versmaai

Boererate mag nie sommer deur die wetenskap versmaai word nie, het dr. D. G. Steyn, professor in farmakologie aan die Universiteit van Pretoria, in 'n toespraak gesê.

Prof. Steyn het vertel van sekere boererate wat vir ruma-tiek, suikersiekte, wonde, bilharsia, hartkwale, omlope, kanker, maagkoors en verskeie veesiektes gebruik word en wat na sy mening, werklik heilsaam is. Daar moet egter wetenskaplik te werk gegaan word, en dit sal die geneeskundige wetenskap betaam om meer aandag aan hierdie middels te wy.

Penicillin, in die vorm van die kim wat in die konfytfllesse gevind word, is reeds in die vorige eeu deur boere gebruik. Boegoe is lank reeds as 'n uitstekende nier- en blaasmiddel bekend, en daar is al omtrent £200,000 se boegoe uit die Unie na die V.S.A. uitgevoer.

Daar is sowat 20,000 verskillende soorte plante in Suid-Afrika, waarvan 5,000 as geneesmiddels gebruik word. 'n Verkeerde geneesmiddel kan egter baie kwaad doen.

Talle belangrike geneesmiddels is deur leke ontdek en nie deur wetenskaplikes nie. Prof. Steyn het die hoop uitgespreek dat daar binnekort 'n begin met navorsing op die gebied van boererate gemaak sal kan word. Al die rate wat onder boere bekend is, moet so gou moontlik geboekstaaf word.

Ongeveer 24,000 kiesers in Suidwes sal op 30 Augustus na die stembus gaan vir die aanwysing van ses lede vir die Unie-volksraad en agtien vir die wetgewende vergadering van die gebied.

V.S.A. Het Klaargemaak Vir Atoomoorlog — Nou Onverhoeds Gevang

Een verklaring wat daar gegee word vir die Amerikaanse agterstand in Korea, behalwe natuurlik dat hulle aan die slaap gevang is, is dat Amerika nie op so 'n beperkte soort oorlog voorbereid was nie. Die Verenigde State se strategie was ingestel op 'n atoomoorlog en toe dié nie kom nie, het hulle in die pekel beland.

Die weekblad Time wys daarop dat die minister van verdediging, Louis Johnson, bors uitgestoot het met die stelling dat indien Amerika om vieruur in die oggend aangeval sou word, die Verenigde State teen vyf-uur gereed sou wees om terug te slaan. „Nou is slegs die helfte van 'n klein landjie aangeval en dit was goed na vyf-uur."

„'n Gedeelte van die antwoord lê daarin dat die Verenigde State se gewapende magte toegerus was vir 'n ander soort oorlog: 'n totale oorlog waarin 'n regstreekse aanval van Moskou beantwoord sou word met atombom-belaai B36's. Die doeltreffendheid van so 'n soort mag is nog nie deur die gebeure in Korea uitgetoets nie."

SPIERE SAAM MET VET VERWYDER

Die blad gaan egter voort deur daarop te wys dat Johnson aan die ander kant 'n beleid van besuiniging in die jongste tyd gevolg het wat nie strook met die verpligtinge waartoe die Verenigde State nou geroep word nie. Die week net voor die uitbreek van vyandelikhede het die vloot die laaste van 14 groot vliegtuigdraende groepe afgeskryf sodat daar net nege groepe oorgebly het. Die blad vra wat sal van so 'n uitgedunde verdedigingsmag word indien die Kremlin sou besluit om ander vure aan te steek rondom die Kommunisme se uitgestrekte gebied?

Dit is duidelik dat die spiere wat saam met die vet uitgesny is nie oornag teruggeplaas kan word nie.

WAARSKUWING

Die verskoning wat vir die Amerikaanse fiasko aangebied word, naamlik dat hy op 'n ander soort oorlog voorbereid was, onderstreep die stelling wat 'n paar weke gelede deur Die O.B. gemaak is, naamlik die Westerse leiers onbewus is van die feit dat daar reeds sedert die konferensie van

Teheran in 1943 'n meedoënlose oorlog deur Rusland gevoer word op 'n totaal ander wyse as wat oorloë in die verlede gevoer is. Ons het toe verklaar: „Die gevaar skyn dus nie so seer in 'n skrikwekkende „Derde Wêreldoorlog' te lê nie as juis in die geleidelike wegkruimeling van die wêreld onder die geknaag van Stalin se vyfde kolonnes dwarsdeur die aarde... Rusland volg 'n taktiek wat homself verhewe hou bokant die hitte van die plaaslike „warm oorloë'... Die wêreld staan midde in 'n oorlog so koelbloedig

dig en finaal in sy beslissings as enige „warm oorlog' — 'n oorlog met hoofkwartier in Moskou sonder dat Moskou daarvoor gebombardeer kan word en sonder dat Moskou se diplomatieke verteenwoordigers, wat die verskillende veldkwartiere in die stryd uitmaak, in die pad gestee word."

§„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groot Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Internasionale Rooi Brigade

Net soos indertyd in Spanje is die Kommuniste dwarsdeur die wêreld besig om 'n internasionale brigade op te rig om die Kommuniste in Korea in hul stryd te help. Vergaderings vir die bespreking van die oprigting van so 'n brigade is, na gemeen word, verlede week deur die Kominform in Praag en Berlyn gehou.

Die gevaar van so 'n „internasionale brigade" is begryplik as in gedagte gehou word dat Sjina, wat aan Korea grens, in staat is om daardie brigade te versterk uit 'n bevolking van 600 miljoen.

U het 'n Droomhuis in die Verskiet

BOU SAAM MET

SAAMBOU

Die Bestuurder, Saambou (Permanente) Bouvereniging, Posbus 4180, Kaapstad. Stuur my asb. u gratis brosjure waarin u verduidelik hoe om ons ideale met ge-eelde besparings te verwesenlik.

Naam: _____

Adres: _____



„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt-sigarette lyk goed, voel goed, smaak goed en rook goed.

Lank reeds is die uitsoek-tabak wat nou in Rembrandt-sigarette gebruik word sorgvuldig weggeleë om te verouder want net soos wyn het tabak ouderdom nodig om tot volle rypheid te kom.

Daarom het so baie rokers oorge-slaan na

Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK
WIT VIR FILTER

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"

Kopiereg

RA.9

NET 'N PAAR ITEMS

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

Boston Potlood-skerpmakers		@ 15/-	elk
Mercury Draadheg-masjiene		@ 29/6	elk
Dubbele Glas-Inkpotte		@ 6/9	elk
Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm.		@ 7/-	per Riem
Tikpapier, 13 dm. x 8 dm.		@ 7/8	per Riem
Tikpapier, 10 dm. x 8 dm.		@ 5/7	per Riem

Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad,
pryse vanaf £3/5/-

Alle Kantoorbenedigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Groot Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071